

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 2

> *Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. (vers 2)*

Paulus sê al waaroor hy praat, is oor Christus, en Hom as

gekruisigde. Christus is God se woord aan ons, God se openbaring, sy geheimenis wat Hy met ons deel (vgl Heb 1:1-3). As jy na Christus kyk en na Hom luister, weet jy wie God is: dat God gekies het om ons, mense, deel van sy agenda te maak; dat Hy ons wil saamneem op ’n nuwe pad van oorwinning oor die sonde, van eerbied vir God en liefde vir die naaste.

Waaraan Paulus ons herinner, is dat ons kennis van God ten nouste saamhang met wat ons van Jesus weet en glo. En wat die Gees van God kom doen het en steeds doen, óók ten nouste met Jesus saamhang. Die Gees kom om ons aan Jesus te bind, sodat ons Jesus beter kan ken, en soos Hy kan dink en word, en soos Hy onsself verloën, ons kruis opneem en Hom volg (Matt 16:24). Daarom noem Paulus die Gees die Gees van Christus (vers 16).

Dalk moet ons ook, soos Paulus, op Jesus fokus?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026